

2024

Jaarverslag • Annual Report

00S VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK / 00S VRYSTAAT KAAP OPERATIONS LIMITED



Visie, Missie & Kerndoel

ONS VISIE

OVK is 'n welvaartskeppende landboubesigheid.

ONS MISSIE

OVK is 'n suksesvolle landbou-besigheid wat welvaartskepping en volhoubaarheid nastreef deur:

- Die verskaffing van kompeterende insette aan die landbouprodusent;
- Aankope, bemaking en verwerking van landbouverwante produkte;
- Die verskaffing van produkte en dienste aan die breër publiek.

OVK SE KERNDOEL

OVK se bestaansrede is om welvaart en volhoubaarheid te verseker aan landbouprodusente, aandeelhouers en alle belanghebbendes.

OUR VISION

OVK is a prosperity creating agricultural business.

OUR MISSION

OVK is an agricultural business that strives to create prosperity and sustainability through:

- The supply of competitive inputs to agricultural producers;
- Acquisition, marketing and processing of agricultural products;
- The supply of products and services to the broader public.

OVK'S MAIN PURPOSE

OVK exists to ensure prosperity and sustainability for agricultural producers, shareholders and all stakeholders.

MAATSKAPPY INLIGTING · COMPANY INFORMATION


Raad van Direkteure: Die name van die direkteure verskyn op bladsye 5 - 7. Geregistreerde Kantoor: Dan Pienaarstraat 19, Ladybrand, 9745. Posadres: Posbus 96, Ladybrand 9745. Ouditeure: PricewaterhouseCoopers Geïnkorporeer Bloemfontein, Geregistreerde Ouditeure. Hoofbankier: ABSA Bank.

Board of Directors: The names of the Directors are presented on pages 5-7. Registered Office: 19 Dan Pienaar Street, Ladybrand, 9745. Postal Address: PO Box 96, Ladybrand, 9745. Auditors: PricewaterhouseCoopers Incorporated Bloemfontein, Registered Auditors. Main Banker: ABSA Bank

Visie, Missie & Kerndoel Vision, Mission & Main Purpose

05 - 07	Raad van Direkteure en Hoofbestuur Board of Directors and General Management
08 - 09	Voorsittersverslag Chairman's Report
10 - 12	Verslag van die Besturende Direkteur Report of the Managing Director
14 - 17	Korporatiewe Bestuursverslag Corporate Management Report
18 - 22	Finansiële Oorsig Financial Overview
23 - 31	Bedieningsgebied en Bedryfsorsig Service Area and Operations Overview
32 - 36	Ondersteuningsdienste Support Services
38 - 39	Direkteursverslag Director's Report
40 - 41	Verklaring van die Oudit- en Risikokomitee Statement of the Audit and Risk Committee
42 - 47	Finansiële Jaarstate Financial Statements

INHOUD • CONTENTS



“Agriculture is our wisest pursuit, because it will
in the end contribute most to real wealth, good morals,
and happiness.”

- Thomas Jefferson

RAAD VAN **DIREKTEURE & HOOFBESTUUR**
BOARD OF **DIRECTORS & GENERAL MANAGEMENT**



Chris Bender

Voorsitter / Chairman

Lid van die Dagbestuur
Member of Management Committee

Voorsitter van Raad van Trusteers - OVK Aftreefonds
Chairman of Board of Trustees - OVK Retirement Fund

Lid van Vergoedingskomitee
Member of Remuneration Committee

WYK / WARD 3

Clocolan, Excelsior, Marquard,
Verkeerdevlei & Winburg



Franz Terblanche

Ondervoorsitter / Deputy Chairman

Lid van die Dagbestuur
Member of Management Committee

Lid van Raad van Trusteers - OVK Aftreefonds
Member of Board of Trustees - OVK Retirement Fund

Lid van Vergoedingskomitee
Member of Remuneration Committee

WYK / WARD 11

Britstown, Hopetown-Suid/South, Prieska &
Strydenburg



Johan Scheepers

WYK / WARD 1

Arlington, Bethlehem, Ficksburg, Fouriesburg,
Paul Roux, Rosendal, Senekal & Steynsrus



Ikus le Roux

WYK / WARD 4

Bloemhof, Bothaville, Brandfort, Bullfontein,
Hennenman, Hertzogville, Hoopstad,
Kroonstad, Theunissen, Ventersburg, Virginia,
Welkom & Wesselsbron



Quentin de Bruyn

Lid van die Dagbestuur
Member of Management Committee

Voorsitter van Oudit- en Risikokomitee
Chairman of Audit and Risk Committee

Voorsitter van Vergoedingskomitee
Chairman of Remuneration Committee

Lid van Raad van Trusteers - OVK Aftreefonds
Member of Board of Trustees - OVK Retirement Fund

WYK / WARD 5

Bloemfontein, Hobhouse, Ladybrand, Marssies, Modderpoort,
Thaba Nchu, Tweespruit & Westminster



Hansie Swanepoel

Lid van die Dagbestuur
Member of Management Committee

Lid van Sosio- en Etiesekomitee
Member of Socio and Ethics Committee

Lid van Vergoedingskomitee
Member of Remuneration Committee

Lid van Raad van Trusteers - OVK Aftreefonds
Member of Board of Trustees - OVK Retirement Fund

WYK / WARD 6

Bethulie, Boesmanskop, Dewetsdorp, Edenburg,
Fauresmith, Reddersburg, Rouxville, Smithfield,
Trompsburg, Van Stadensrus, Wepener & Zastron



Jannie van Zyl

WYK / WARD 7
Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Burgersdorp,
Dordrecht, Elliot, Indwe, Jamestown,
Lady Grey, Maclear, Molteno, Oos-Londen,
Queenstown, Rhodes & Ugie



Freddie van Zyl

Ondervoorsitter van die Oudit- en Risikokomitee
Vice Chairman of the Audit and Risk Committee
Voorsitter van die Sosio- en Etiesekomitee
Chairman of the Socio and Ethics Committee

WYK / WARD 8

Colesberg, Cookhouse, Cradock, Graaff-Reinet,
Hofmeyr, Humansdorp, Jansenville, Middelburg,
Mortimer, Noupoort, Pearston, Somerset-Oos,
Steynsburg, Tarkastad, Venterstad, Visrivier &
Willowmore



Wynand du Toit

Lid van die Oudit- en Risikokomitee
Member of the Audit and Risk Committee
Lid van die Sosio- en Etiesekomitee
Member of the Socio and Ethics Committee

WYK / WARD 9

Beaufort-Wes, Bredasdorp, Caledon,
Calvinia, Hopefield, Laingsburg,
Malmesbury, Moresburg, Mosselbaai,
Oudtshoorn, Piketberg, Porterville, Riversdal,
Riviersonderend, Springbok, Sutherland,
Swellendam & Worcester



Fanie Botha

Lid van die Sosio- en Etiesekomitee
Member of the Socio and Ethics Committee

WYK / WARD 12

De Aar, Koffiefontein, Luckhoff, Orania,
Petrusville & Vanderkloof



Okkie Vermeulen

Lid van die Oudit- en Risikokomitee
Member of the Audit and Risk Committee

WYK / WARD 13

Douglas, Hopetown-Noord/North,
Jacobsdal & Rietrivier



Stéfán Oberholzer

Besturende Direkteur
Managing Director



Conrad Cronje

Hoofbestuurder: Finansies,
Kliëntefinansiering & Versekering
General Manager: Finance, Client
Financing & Insurance



Dirk du Plessis

Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste &
Maatskappy Sekretaris / General Manager:
Corporate Services & Company Secretary



Jacques le Roux

Hoofbestuurder: Vesel
General Manager: Fibre



Rocky le Roux

Hoofbestuurder: Handel,
Meganisasie & Motors
General Manager: Trade,
Mechanisation & Motors



Rudolph van Wyk

Uitvoerende Direkteur:
Graan & Lewende Hawe
Executive Director: Grain & Livestock



Chris Bender

Voorsittersverslag Chairman's Report

Die afgelope jaar was verskillende noemenswaardige gebeurtenisse deel van die invoede wat fokus kon laat ontspoor. In landbou word 'n duur prys betaal wanneer fokus verloor word. Al die verskillende "kenners" en kennis wat deurlopend aktief en teenwoordig moet wees by dag-tot-dag take en strategiese beplanning vir die landbouer, verg dat afleiding en "kantgeraas" tot die minimum beperk moet word.

Die jaar onder oorsig het oor die algemeen goeie produksie gelewer. Kwaliteit en kwantiteit van gewasse was bo gemiddeld. 'n Soortgelyke seisoen is beleef aan die einde van 2023. Weervoorspellings het reeds begin aandui dat El Niño toestande aan die versterk was. Tot begin Januarie was in 'n ligte luim verwys na weervoorspellings wat weer verkeerd was – dié slag ten goede. Die hitte in die vroeë somer en reën wat weggebly het bring toe einde Januarie 'n realiteit wat moraal kom afbreek. Daagliks is in die droëland gebiede waargeneem hoe 'n mooi oes agteruitgaan. Die hoop op volgende week, dan weer te glo die week daarop. Sulke omstandighede vereis 'n sterk behoud van fokus om nie deur die spanning oorrumpel te word en gevolglik verkeerde besluite te neem nie. Vriende, jou huismense, werknemers en geloofsvennote kan sulke omstandighede meer draaglik maak.

Die verkiesing en politiek in ons land met uitsprake en wetswysigings het ook 'n groot rol gespeel om aandag weg te lei van wat regtig belangrik is.

'n Wisselkoers grafiek wat geen stabiliteit getoon het nie was 'n uitdaging om insetpryse en graanpryse vas te stel. In Mei 2023 bereik die Rand 'n laagtepunt van R19,80 teenoor die Amerikaanse dollar net om 2 maande later in Julie weer vlakke van R17,55 teenoor die Amerikaanse dollar te bereik. Aan die uitgawe kant van landbou word kunsmis, chemie, saad en brandstof wesenlik beïnvloed deur die skommeling

During the past year, various important events have been part of the influences that could disrupt focus. In agriculture there is a substantial toll to be paid when focus is lost. Statements from different "experts" and knowledge that must be present and continuously updated in day-to-day tasks and strategic planning for the farmer, require that external distractions be kept to a minimum.

The year under review generally generated good production. Quality and quantity of crops were above average. A similar season was experienced at the end of 2023. Weather forecasts had already begun to indicate that El Niño conditions were intensifying. Until the beginning of January, there were joking references to weather forecasts that had been inaccurate again – this time for the better. The heat in early summer and lack of rain then brought a reality that crushed morale in late January. In the dryland areas it was observed that a beautiful crop was deteriorating day after day. The hope remained for rain the next week and then again for the following week. Circumstances like these require maintaining focus in order not to be overwhelmed by the stress and consequently making wrong decisions. Friends, family, employees and fellow believers can make these difficult circumstances more bearable.

The elections and politics in our country with statements and legislative amendments have also played a big role in diverting attention away from really important matters.

An exchange rate graph that showed no stability posed a challenge to determining input costs and grain prices. In May 2023, the rand reached a low of R19,80 against the US dollar, only to reach levels of R17,55 against the US dollar again two months later in July. On the expense side of agriculture fertiliser, chemicals, seed and fuel are substantially affected by the fluctuation in the value of our currency.

Voorsitter

in die waarde van ons geldeenheid.

Die inkomste van landbou, waar R250 miljard se produkte uitgevoer word, is sterk gekoppel aan die waarde van die Rand. Ons graanpryse word daagliks hierdeur gedryf. Gebeurtenisse in die graanindustrie soos planttoestande, stroopvordering en vraag na kommoditeite word onderskryf of oorheers deur die wisselvalligheid van Suid-Afrika se geldeenheid.

Die geldeenheid wat soos 'n bokssak rondgeslaan word deur uitsprake en dade van politici wat nie besef waarop daar waarlik gefokus moet word nie. Bekamping van hongersnood, voedselvoorsiening, welstand van landsbewoners is ondergeskik aan stemme om "soustreinposte" te behou.

Die verkiesing se uitslae bring vir ons land uitdagings en geleenthede – mag wysheid seëvier en die geleenthede raakgesien word om die grafiek te laat draai na 'n positiewe kurwe.

OVK sal fokus behou deur dienste te lewer, finansiering te verskaf en as vennoot van die landbouer die ekonomie laat groei. Ons sterk eie kapitaal het waarde getoon en groot bydrae gemaak tot 'n ongelooflike wins. Aandeelhoudersbelang is gesond bo 35%. Die aandeelprys groei die afgelope 10 jaar konstant en dit maak 'n OVK aandeel 'n baie waardevolle belegging. Daarmee saam is die sekuriteitswaarde van OVK aandele die kruks van finansiering in baie gevalle.

Die SARS uitdaging met ons opleidingsmodel om te kan voldoen aan Regeringsvoorskrif-teikens wat betref SEB wetgewing het hernude fokus gebring na wat OVK se kernaktiwiteite is. Pogings om te voldoen kan nie die taak om gesonde besigheid vol te hou, oorskadu nie. Hofsake en uitsprake van toetsake gaan leiding gee oor hoe hierdie aangeleentheid opgelos sal word.

OVK personeel dryf hierdie bate van ons met al die daaglikse uitdagings. In die platteland, deur die droogte, met lae vleis- en veselpryse word oplossings gesoek ten voordeel van hul kliënte. Gelukwense aan elke personeelid met die finansiële resultate.

Elke landbouer en kliënt – u deelname en ondersteuning van OVK gaan vorentoe vir u waarde inhou. OVK wat finansiële gesond is maak 'n positiewe bydrae op elke aandeelhouer se balansstaat.

Stefan vir jou insig, tyd en fokus – selfs op die klein syfers – jou eienaarskap neem van OVK maak 'n verskil. Aan jou hoofbestuurspan – julle goeie spanverband is besig om uitstekende resultate te lewer – dankie vir ekstra myle gestap.

Vir die Direksie – die finansiële state toon hoe julle eienaarskap neem van OVK. Ek ervaar daagliks julle beskerming van die aandeelhoudersbelang van ons lede en jul insig om vorentoe groei te laat realiseer. Dankie vir elke gesprek om oplossings te vind.

Die winter het lank weggebly. Groot dele van die land het wonderlike herfsreën ontvang. Die natuur word deur ons Skepper beheer, wat ons ook in Sy handpalm dra. Mag u dit elke dag ervaar en Sy fokus op u lewe aanvoel.

OVK Groete
Chris Bender

Agricultural income, where R250 billion's worth of products are exported, is inextricably linked to the value of the rand, influencing our grain prices on a daily basis. Events in the grain industry such as planting conditions, harvesting progress and demand for commodities are underwritten or dominated by the volatility of South Africa's currency.

The currency is being whipped around like a punching bag by statements and acts of politicians who don't realise where their focus should really be. Combating famine, food supply and welfare of citizens are subordinate to voters' support to preserve "grave train positions."

The election result poses challenges and opportunities to our country – may wisdom prevail and may opportunities be identified to turn the graph towards a positive curve.

OVK will maintain focus by delivering services, providing financing and strengthening the economy as the farmer's partner. Our strong equity position has shown value and made a substantial contribution to an incredible profit. Shareholder's interest is healthy above 35%. The share price

has been increasing steadily for the past ten years, making OVK shares a very valuable investment. Along with this, in many cases the security value of OVK shares is an important component in financing.

The SARS challenge with our training model to be able to meet Government directive targets in terms of BEE legislation has brought renewed focus to what OVK's core activities are. Attempts to comply cannot overshadow the task of sustaining a healthy business. Court cases and judgments of test cases will provide guidance on how this matter will be resolved.

OVK staff drives this asset of ours, coping with all the daily challenges. In the countryside, amid the drought, with low

meat and fibre prices, solutions are explored for the benefit of our customers. Congratulations to each staff member on the financial results.

To each farmer and client – your participation and support of OVK will be valuable in the years ahead. An OVK that is financially sound makes a positive contribution to every shareholder's balance sheet.

Stefan, for your insight, time and focus – even with regard to insignificant numbers – you taking ownership of OVK makes a difference. To your general management team – your good team relations are producing excellent results – thank you for going the extra mile.

For the Board of Directors – the financial statements reflect how you take ownership of OVK. I experience your focus on the protection of the shareholders' interest of our members and your insight to achieve future growth on a daily basis. Thank you for every conversation to find solutions.

Winter started unusually late this year. Large parts of the country received wonderful autumn rains. Nature is controlled by our Creator, who also holds us in the palm of his hand. May you experience it every day and be aware of His influence on your life.

OVK Regards
Chris Bender





Stefan Oberholzer

Verslag van die Besturende Direkteur Report from the Managing Director

Besturende Direkteur

Die afgelope jaar was 'n uitdagende landboujaar vir ons produsente. Stygende rentekoerse, lae vee- en veselpryse en toe erge hitte met gepaardgaande droogte aan die einde van die jaar het vele uitdagings ingehou. Gelukkig het OVK 'n sterk Eie Kapitaal (bykans R2 miljard) en het die stygende rentekoerse 'n wesenlike bydrae gelewer tot die maatskappy se resultate aangesien ons meer rente verdien het op ons eie geld wat ons uitleen.

SARS is nou al 'n geruime tyd besig met 'n ondersoek by OVK na aanbieding van die opleidingsprogram en gepaardgaande ETI ("Employee Tax Incentive") geëis ten opsigte van die 2020 tot 2022 finansiële jare. Alhoewel ons die wesenlike bedrag in dié jaar se finansiële state gaan voorsien het, is ons tans met regsaksies ten opsigte van die dispuut besig om dit met hand en tand te beveeg. Aandeelhouers het wel in die betrokke jare die voordeel ontvang van die ETI krediete wat nie belasbaar was nie, wat OVK se effektiewe belastingkoerse toe wesenlik verlaag het.

OVK se diversifikasie (beide besigheid en geografies) tesame met ons sterk Eie Kapitaal het egter die jaar bygedra dat OVK 'n rekordwins kon behaal, ten spyte van die ETI voorsiening op jaareinde. Dit het weereens die maatskappy se stabiliteit as besigheid bewys.

Die OVK Groep het 'n wins van R381,37 miljoen voor belasting en voor R47,29 miljoen se toekenning van lojaliteitskorting behaal wat 19,26% beter is as die vorige jaar se R319,77 miljoen. Dit is beslis iets om voor dankbaar te wees gegewe die feit dat dit na die voorsiening van ongeveer R75,0 miljoen ten opsigte van die ETI dispuut is.

OVK se Handelsafdeling wat Brandstof (vulstasies en verspreiding) insluit het die afgelope jaar 5,4% swakker as die vorige jaar presteer. Die omset het egter steeds met 1,4% gestyg ten spyte van die wesenlike daling in grondstofpryse (bv. kunsmis). Heelwat nuwe handelstakke is die afgelope jaar geopen. Handel bly een van OVK se kernaktiwiteite en vervul 'n ongelooflike belangrike rol op die platteland, selfs op van die kleinste dorpie in ons

The past year has been a challenging agricultural period for our producers. Rising interest rates, low livestock and fibre prices and then severe heat with the accompanying drought at the end of the year posed many challenges. Fortunately, OVK has a strong equity position (almost R2 billion) and the rising interest rate has made a substantial contribution to the company's results since we have earned more interest on our own money that we lent.

SARS has been conducting an investigation at OVK for some time now regarding the training programme and associated ETI ("Employee Tax Incentive") claimed in respect of the 2020 to 2022 financial years. Although we have provided for the substantial amount in this year's financial statements, we are currently taking legal action in respect of the dispute to fight it tooth and nail. Shareholders did receive a benefit from the ETI credits that were not taxable in the relevant years, which substantially reduced OVK's effective tax rate in these periods.

However, OVK's diversification (both business wise and geographical) together with our strong equity position once again contributed to OVK achieving a record profit this year, despite the ETI provision at year-end. This once again proved the company's stability as a business.

The OVK Group achieved a profit of R381,37 million before tax and before R47,29 million loyalty rebate allocation, which is 19,26% better than the previous year's R319,77 million. This is certainly something to be grateful for, given the fact that it is after the provision of approximately R75,0 million in respect of the ETI dispute.

OVK's Trade Division, which includes Fuel (petrol stations and distribution), performed 5,4% weaker over the past year than the previous year. However, revenue continued to increase by 1,4% despite the substantial decline in raw material prices (e.g. fertilizer). A number of new trading branches have been opened in the past year.

land. Die diens wat ons lewer aan die produsent en die gemeenskap op die platteland, is van kardinale belang, want dit is wie OVK is.

Die Graanafdeling het 'n rekordwins behaal en het gewys waarom dit een van OVK se kernaktiwiteite is. Dienslewering en buigsaamheid ten opsigte van graanontvangstes word sterk gedryf.

Die Veselafdeling het 'n baie mooi styging in winsgewendheid behaal. Wat egter meer verblydend is, is dat die produsente-lewerings vir beide wol en bokhaar hoër is as die vorige jaar. Weens die feit dat die "Van Lill Woolbuyers" filiaal nou 'n tweede jaar nie winsgewend was nie, word daar in diepte na hierdie besigheid gekyk om weer winsgewend te funksioneer ten spyte van die laer wolpryse.

Die Kliëntefinansieringsafdeling het weereens bewys watter ongelooflike ondersteuning hulle aan die verskillende bedrywe binne OVK bied. Meer as R 3 miljard word uitgeleen. 'n Goeie kredietbeleid tesame met kundige personeel is van onskatbare waarde om 'n gesonde debiteureboek te verseker. OVK se Kliëntefinansieringsafdeling is beslis 'n besigheidsvennoot vir ons produsente, nie net in goeie tye, nie maar ook wanneer toestande uitdagend is.

Die Versekeringsafdeling het 'n moeilike jaar beleef en is die winsgewendheid 20,4% swakker as die vorige jaar. Heelwat nuwe personeel is addisioneel aangestel en nou in opleiding, om genoeg bekwame personeel binne die afdeling te hê om uitstaande diens aan ons kliënte te bied.

Tweespruit Meule het 'n wesenlike verbetering die afgelope jaar ervaar en het in 'n wins afgesluit. Heelwat kontroles is geïmplementeer en met meer effektiwiteit is ons hoopvol dat die meule volhoubaar winsgewend kan wees.

Die Lewendehawe-afdeling het met die laer veepriese 'n moeilike jaar beleef en het in 'n verlies afgesluit. Streng beheer oor krediet aankope en die vrystelling van vee met kontanttransaksies is ononderhandelbaar.

Die Motorafdeling het 'n baie moeilike jaar beleef. Met 'n ooraanbod van nuwe voertuie het laer marges en rente die afdeling negatief beïnvloed. Alhoewel die afdeling steeds winsgewend is, is die finansiële prestasie teleurstellend.

Die Logistieke-afdeling het ná 'n moeilike vorige jaar, dié jaar weer gewys waarom dit so 'n belangrike afdeling in 'n besigheid soos OVK is. Die afdeling presteer weer na wense.

Oos Vrystaat Kunsmis het goed presteer en met verhoogde verkoopsvolumes is ons baie positief oor die besigheid. 'n Wesenlike kortingverdeling is die jaar weer aan sy produsente-aandehouers op hul kunsmisaankope uitbetaal.

Olivia Energy Solutions het die jaar met rekordsyfers afgeskop maar later in die jaar is 'n ooraanbod van solarstelsels in die mark ervaar wat tot laer marges gelei het. Daar sal 'n wesenlike aanpassing in die besigheidsmodel hier moet plaasvind om volhoubaar te kan bly.

Die Meganisasie-afdeling het na twee winsgewende jare 'n baie swak jaar beleef en bykans R20 miljoen verlies behaal. Die swakker aanvraag na toerusting het tot te veel voorraad en heelwat meer rentekoste gelei. Daar sal in diepte na ons model gekyk word, aangesien die landbouthoestande tans daar buite nie verhoogde verkope van heelgoedere tot gevolg gaan hê nie. Alhoewel die Fendt handelsmerk internasionaal die standaard daar stel, is hy in Suid-Afrika relatief onbekend. Met 'n nuwe 5 Jaar / 5 000 uur waarborg behoort hy eersdaags ook hier die nodige erkenning te kry.

Trade remains one of OVK's core activities and plays an incredibly important role in rural areas, even in some of the smallest towns in our country. The service we provide to the producer and the community in rural areas is of vital importance, because that is who OVK is.

The Grain Division achieved a record profit, proving that it is one of OVK's core activities. Service delivery and flexibility in terms of grain intake are strongly driven.

The Fiber Division has achieved a substantial increase in profitability. What is more gratifying, however, is that the producers' deliveries for both wool and mohair are higher than the previous year. Due to the fact that the "Van Lill Wool Buyers" subsidiary has now been unprofitable for a second year, this business is being scrutinised in depth, attempting to induce profitability once more, despite the lower wool prices.

The Client Financing Department once again proved the incredible support they provide to the various divisions within OVK. More than R3 billion is being financed. A sound credit policy, together with knowledgeable staff, is invaluable in ensuring a healthy debtors' book. OVK's Client Finance Department is definitely a business partner for our producers, not only in good times, but also when conditions are challenging.

The Insurance Division has experienced a difficult year and profitability is 20,4% down from the previous year. A number of new personnel have been appointed additionally and are now in training, to have enough skilled staff within the division, in order to offer outstanding service to our clients.

Tweespruit Mill has experienced a substantial improvement over the past year and has concluded the period in a profit. Quite a few controls have been implemented and with more effectiveness we are hopeful that the mill can sustain its profitability.

The Livestock Division had a difficult year with the lower livestock prices and ended in a loss. Strict control over credit purchases and the release of livestock during cash transactions are non-negotiable.

The past year was a very difficult one for the Motor Vehicle Division. An oversupply of new vehicles, lower margins and high interest rates had a negative impact on the division. Although the division is still profitable, the financial performance is disappointing.

After a difficult previous year, the Logistics Division again proved why it is such an important division in a business such as OVK. The division is again performing as desired.

Oos Vrystaat Kunsmis is performing well and with increased sales volumes we are very positive about the business. A substantial rebate distribution was paid out to its producer shareholders on their fertilizer purchases during the year.

Olivia Energy Solutions kicked off the year with record figures but later in the year an oversupply of solar systems in the market was experienced, leading to lower margins. A substantial adjustment in the business model is needed here in order to remain sustainable.

The Mechanisation Division experienced a bad year after two profitable years, achieving almost a R20 million loss. The weaker demand for equipment led to too much stock and higher interest costs. Our model will be scrutinised in depth, since the current agricultural conditions are not conducive to increased sales of whole goods. Although the Fendt brand sets the standard internationally, it is relatively unknown in South Africa. With a new 5 Year/5 000-hour warranty, it should also soon get the necessary recognition here.

OVK se aandeelpryse het die afgelope tyd weer mooi gestyg, maar die aandele verhandel steeds teen 'n wesenlike diskonto teenoor historiese batewaarde en bied dus baie waarde vir geld. Gegewe OVK se stabiele winsgeskiedenis as gevolg van goeie diversifikasie (beide besigheid en geografies), 'n baie goeie geskiedenis ten opsigte van dividenduitbetaling en volgehoue groei, kan u dit ernstig oorweeg om OVK aandele te koop. Dit sal nie net 'n goeie belegging vir u wees nie, maar skep ook so vir u sekuriteitswaarde by OVK. Dividenduitbetaling het sedert maatskappywording in 1999, nog elke jaar geskied.

Aan ons kliënte, baie dankie vir u lojale ondersteuning. Onthou u is altyd geregtig op uitstekende diens en kompeterende pryse en ek hoop en vertrou dat u dit ook so ervaar. Die direksie het besluit om, gegewe die moeilike landbouthoofstate daar buite, vir die jaar wat kom die lojaliteitskorting persentasie aan ons produsente te verhoog.

Sonder toegewyde personeel wat gefokus is om aan ons kliënte net die beste diens te lewer, sal OVK nie hierdie resultate kan lewer nie en daarom wil ek vir elke personeelid, my bestuurskomiteelede en mede-hoofbestuurders baie dankie sê vir hul bydrae tot die sukses van OVK. Dankie dat u altyd bereid is om die ekstra myl te stap en dat u OVK se naam hoog hou daar waar u werksaam is - ek is trots op u want u is ware OVKaners!!

Baie dankie aan die direksie vir hul leiding en insig. OVK is geseënd om 'n direksie soos u te hê, vir wie die behoud van die besigheid vir die boer op die platteland kritiek belangrik is. Chris - aan jou as Voorsitter: baie dankie vir die wyse waarop jy OVK en sy aandeelhouers se belang op die hart dra en baie dankie vir jou tyd en ondersteuning!!

Dankie aan al ons verskaffers, bankiers en elke ander instansie en persoon wat betrokke is by OVK. U bydrae tot die sukses van OVK word waardeer.

Nogmaals dankie aan elkeen wat bygedra het tot die sukses van OVK. Onthou as aandeelhouer is OVK u besigheid en "Saam bereik ons meer"!! Pas uself en u geliefdes mooi op want u is vir ons kosbaar. Alle dank en eer aan ons Hemelse Vader, wat daagliks in oorvloed voorsien.

Alle sukses en voorspoed word u toegewens vir die jaar wat voorlê. Maak OVK asseblief deel van u besigheidsbesluite, want met 'n lojaliteitskema soos dié van OVK, is besigheid met OVK eintlik 'n logiese keuse. Gee ons asseblief net die geleentheid om u tot diens te wees, want ons moet OVK vir ons nageslag bewaar!!

Stéfan Oberholzer
Trotse OVKaner

OVK's share prices have again risen considerably in recent times, but the shares are still trading at a substantial discount to historical asset value, thus offering a lot of value for money. Given OVK's stable profit history due to good diversification (both business wise and geographical), a very good history in terms of dividend payout and sustained growth, you should seriously consider buying OVK shares. This will not only be a good investment for you, but also boost your security value at OVK. Since becoming a company in 1999 dividend payout has continued uninterruptedly.

To our clients, thank you so much for your loyal support. Remember you are always entitled to excellent service and competitive pricing and I hope and trust that you experience it that way too. The board has decided, given the difficult agricultural conditions, to increase the loyalty discount percentage to our producers for the coming year.

Without dedicated staff who are focused on providing our clients with only the best service, OVK will not be able to deliver these results and that is why I would like to thank every staff member, my management committee members and fellow general managers for their contribution to the success of OVK. Thank you for always being willing to walk the extra mile and for holding OVK's name high where you operate - I am proud of you because you are true OVKaners!!

Many thanks to the board for their guidance and insight. OVK is blessed to have a board like you, for whom the preservation of the business for the farmer in the countryside is of critical importance. Chris - to you as Chairperson: Thank you for the way in which you have OVK and its shareholders' interest at heart and thank you for your time and support!!

Thank you to all our suppliers, bankers and every other institution and person involved in OVK. Your contribution to the success of OVK is appreciated.

Thank you once more to everyone who contributed to the success of OVK. Remember as a shareholder, OVK is your business and "Together we achieve more"!! Take good care of yourself and your loved ones because you are precious to us. All thanks and honour to our Heavenly Father, who provides daily in abundance.

I want to wish you success and prosperity for the year ahead. Please make OVK part of your business decisions, because with a loyalty scheme like OVK's, doing business with us is actually a logical choice. Please give us the opportunity to be of service to you as we must preserve OVK for our descendants!!

Stéfan Oberholzer
Proud OVKaner



DIE OVK WAARDES

KLIËNT GESENTREERD

Ons is lojaal en lewer uitnemende diens aan ons kliënte met trots en passie.

MENS GEFOKUS

Jy is vir ons belangrik: Ons bemagtig, erken en ontwikkel ons personeel.

INTEGRITEIT

Ons is verbind tot etiese korporatiewe bestuur en ons woord is ons eer.

UITNEMENDHEID

Ons is doelgerig met die fokus op uitnemendheid en persoonlike verantwoordelikheid.

GEESTELIKE INGESTELDHEID

Ons respekteer mekaar deur opregte en eerlike optrede gevestig in ons Christelike ingesteldheid met respek teenoor ander gelowe.

AANPASBAARHEID

Ons is innoverend, aanpasbaar en bly in pas met markomgewingsveranderinge.

THE OVK VALUES

CUSTOMER FOCUSED

We are loyal and deliver excellent service with pride and passion to our customers.

PEOPLE FOCUSED

You are important to us. We empower, acknowledge and develop our staff.

INTEGRITY

We are committed to ethical corporate management and we honour our word.

EXCELLENCE

We are goal orientated and focused on excellence and personal accountability.

SPIRITUAL MINDSET

We respect one another through sincere and honest conduct based on our Christian values and we respect all other beliefs.

ADAPTABILITY

We are innovative, adaptable and we keep up to date with the latest trends in our environment.



Korporatiewe Bestuursverslag Corporate Management Report

Korporatiewe Bestuursverslag

INLEIDING

Die Raad van Direkteure hanteer die sake van die OVK-groep met integriteit. Die Direksie is verbind tot goeie korporatiewe bestuurspraktyke deur die hele groep. Die aanbevelings van King IV word sover moontlik toegepas.

Etiese optrede en integriteit is ononderhandelbaar en effektiewe leierskap met 'n strategie vir volhoubaarheid word nagestreef.

Bestuur verrig hul take met verantwoordelikheid, deursigtigheid, sosiale verantwoordelikheid en onpartydigheid tot voordeel van alle belanghebbendes van die OVK-groep.

DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die Raad bestaan uit 11 nie-uitvoerende direkteure wat op 'n wyksbasis verkies word asook sodanige aantal uitvoerende direkteure as waarop die Raad mag besluit. Die Direksie vergader ten minste nege keer per jaar. Die agenda van die Raad fokus op finansiële resultate, kapitale besteding, risiko's, bestuur van menslike hulpbronne, korporatiewe bestuur, groeigeleenthede en die bepaling van strategieë. Die komitees van die Raad bestaan uit die Oudit- en Risikokomitee, Dagbestuur, Vergoedingskomitee en Sosio- en Etiesekomitee.

ODUIT- EN RISIKOKOMITEE

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure onder voorsitterskap van mnr Quentin de Bruyn. Die ander lede is mnr Freddie van Zyl (ondervoorsitter), Wynand du Toit en Okkie Vermeulen. Die komitee vergader ten minste drie keer per jaar en het onbeperkte toegang tot die eksterne ouditeure en die Bestuurder: Interne Oudit. Van die komitee se kernfunksies is die identifisering van risiko's, interne beheermaatreëls,

INTRODUCTION

The Board of Directors handles the affairs of the OVK group with integrity. The Board is committed to good corporate governance practices throughout the group. The recommendations of King IV's are applied as far as possible.

Ethical conduct and integrity are non-negotiable and effective leadership with a strategy for sustainability is being pursued.

Management perform their duties with responsibility, transparency, social responsibility and impartiality for the benefit of all stakeholders of the OVK Group.

THE BOARD OF DIRECTORS

The board consists of 11 non-executive directors elected on a ward basis, as well as such a number of executive directors as the board may decide upon. The Board meets at least nine times per annum. The agenda of the board focuses on financial results, capital expenditure, risks, human resources management, corporate governance, growth opportunities and the determination of strategies. The committees of the board consist of the Audit and Risk Committee, Executive Committee, Remuneration Committee and Socio- and Ethics Committee.

AUDIT AND RISK COMMITTEE

The Audit and Risk Committee consists of four non-executive directors under the chairmanship of Mr Quentin de Bruyn. The other members are Messrs Freddie van Zyl (vice chairman), Wynand du Toit en Okkie Vermeulen. The committee convenes at least three times a year and has unrestricted access to the external auditors and the Manager: Internal Audit. Some of the committee's core functions are the identification of risks, internal controls,



ouditaangeleenthede, begroting en finansiële resultate, interne ouditbevindings, ensovoorts.

DIE DAGBESTUUR

Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitter, mnr. Chris Bender, die ondervoorsitter, mnr. Franz Terblanche en twee lede, mnr. Hansie Swanepoel en Quentin de Bruyn. Die Dagbestuur vergader om besluite van dringende aard te neem asook om die Besturende Direkteur oor belangrike aangeleenthede te adviseer.

VERGOEDINGSKOMITEE

Die Vergoedingskomitee bestaan uit die dagbestuurslede en die komitee vergader ten einde die vergoeding van uitvoerende direkteure en hoofbestuur goed te keur.

SOSIO- EN ETIESEKOMITEE

Die Sosio- en Etiese komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure onder voorsitterskap van mnr. Freddie van Zyl. Die ander lede van die komitee is mnr. Hansie Swanepoel, Fanie Botha en Wynand du Toit. Die Besturende Direkteur, die Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste en nog twee personeellede uit die aangewese groepe is op uitnodiging ook deel van die vergadering.

Die Komitee se funksies is om die maatskappy se aktiwiteite met betrekking tot enige relevante wetgewing en ander statutêre vereistes of bestaande kodes van goeie praktyk te monitor ten opsigte van aangeleenthede verbandhoudend tot:

Sosio- en ekonomiese ontwikkeling, insluitend die maatskappy se status in terme van die doelwitte en oogmerke van:

- die Wet op Gelyke Indiensneming; en

audit related matters, budget and financial results, internal audit findings, et cetera.

MANAGEMENT COMMITTEE

The Management Committee consists of the Chairman, Mr Chris Bender, the deputy chairman, Mr Franz Terblanche and two members, Messrs Hansie Swanepoel and Quentin de Bruyn. The Management Committee convenes to make decisions on urgent matters, as well as to advise the Managing Director on important matters.

REMUNERATION COMMITTEE

The Remuneration committee consists of the Management Committee and convenes to approve the remuneration of executive directors and general management.

SOCIO AND ETHICS COMMITTEE

The Socio and Ethics Committee consists of four non-executive directors under the chairmanship of Mr Freddie van Zyl. The other members of the committee are Messrs Hansie Swanepoel, Fanie Botha and Wynand du Toit. The Managing Director, the General Manager: Corporate Services and two other staff members from the designated groups also attend the meeting by invitation.

The functions of the Committee are to monitor the Company's activities with regard to any relevant legislation, other statutory requirements or existing codes of good practice related to:

Social and economic development, including the company's status in terms of the goals and objectives of:

- the Employment Equity Act; and

omvattende dienste vir die toegewyde boer | diversified services for the dedicated farmer

Corporate Management Report

- Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging.

Goeie korporatiewe bestuur, insluitend die maatskappy se:

- bevordering van gelykheid, voorkoming van onbillike diskriminasie en bekamping van korrupsie;
- bydrae tot die ontwikkeling van gemeenskappe in areas waarin die maatskappy hoofsaaklik sy besigheid bedryf of waarin sy produkte of dienste hoofsaaklik bemark word; en
- rekordhouding van borgskappe, donasies en liefdadigheidsaksies.

Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitend die impak van die maatskappy se aktiwiteite en/of sy produkte of dienste op voorgenoemde; en

Verbruikersverhoudinge, insluitend die maatskappy se advertensies, openbare verhoudinge en voldoening aan verbruikersbeskermingswette; asook

Arbeid en indiensneming, insluitend:

- die maatskappy se status in terme van die Internasionale Arbeidsorganisasie se protokol met betrekking tot redelike werk en werksomstandighede; en
- die maatskappy se indiensnemingverhoudings en die maatskappy se bydrae tot die opvoedkundige ontwikkeling van sy werknemers.

AANSTELLING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Nie-uitvoerende direkteure word op 'n wyksbasis verkies deur aandeelhouders van OVK Beherend in daardie spesifieke wyk. Daar bestaan 'n formele prosedure waardeur voornemende geskikte kandidate genomineer kan word en indien meer as een nominasie ontvang word, word sodanige direkteure deur stemming verkies. Die dienstermyn van 'n verkose direkteur is drie jaar, waarna die direkteur weer verkiesbaar gestel kan word, met geen beperking op die aantal jare wat 'n direkteur mag dien nie. Direkteure is egter nie weer verkiesbaar wanneer hulle affree-ouderdom bereik nie.

VERGOEDING VAN DIREKTEURE

Direkteure ontvang 'n vaste bedrag vir dienste deur die jaar gelewer. Die komiteede word addisioneel vir hul dienste vergoed. Direkteure word ook 'n dagtoelaag betaal wanneer dienste in belang van die maatskappy verrig word. Die vergoeding van direkteure word markverwant vasgestel in lyn met opnames onder landboubesighede ten opsigte van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure.

VERGOEDING VAN PERSONEEL

OVK maak gebruik van die Peromnes posgraderingstelsel waarvolgens poste in verskillende kategorieë ingedeel word. Die opnames van Deloitte word gebruik vir die vasstelling van salarisse in die verskillende posgrade. Die direksie streef daarna dat OVK se personeel billik en markverwant vergoed word volgens die verantwoordelikhede van die spesifieke pos.

Die maatskappy beskik ook oor 'n addisionele vergoedingskema waarvolgens personeel in die sukses van die maatskappy kan deel indien voorafgestelde doelwitte behaal word. Die aansporingskema word deurlopend hersien en lewer die gewenste resultate.

POLITIEKE PARTY ONDERSTEUNING

Die raad van direkteure het 'n beleid dat geen politieke party finansiële ondersteun word nie en geen borge word aan enige politieke partye gegee nie.

- Broad-Based Black Economic Empowerment.

Good corporate governance, including the company's:

- promotion of equality, prevention of unfair discrimination and combating of corruption;
- contribution to the development of communities in the areas in which the company mainly conducts its business or in which its products or services are mainly marketed; and
- record keeping of sponsorships, donations and charitable actions.

The environment, health and public safety, including the impact of the company's activities and/or products or services upon the aforementioned; and

Consumer relations, including the company's status in terms of the company's advertisements, public relations and compliance with consumer protection laws; as well as

Labour and employment, including:

- the company's status in terms of the International Labour Organisation's protocol regarding reasonable work and working conditions; and
- the company's employment relations and the company's contribution to the educational development of its employees.

APPOINTMENT OF NON-EXECUTIVE DIRECTORS

Non-executive directors are elected on a ward basis by shareholders of OVK Holdings in that specific ward. A formal procedure exists whereby prospective suitable candidates can be nominated and if more than one nomination is received, such directors are elected by voting. The term of office of an elected director is three years, after which the director is eligible for re-election, with no limitation upon the number of years a director is allowed to serve. Directors are however not eligible for re-election once they reach retirement age.

REMUNERATION OF DIRECTORS

Directors receive a fixed amount for services rendered throughout the year. The committee members receive additional remuneration for their services. Directors are also paid a daily allowance when duties are performed in the interest of the company. The remuneration of directors is market-related, in line with surveys among agribusinesses with regard to the remuneration of non-executive directors.

REMUNERATION OF PERSONNEL

OVK uses the Peromnes job grading system, whereby posts are divided into different categories. Surveys done by Deloitte are used for determining salaries in the different job grades. The board endeavours to secure fair and market related remuneration for staff in accordance with the responsibilities of the specific position.

The company also has an additional remuneration scheme whereby employees can share in the success of the company if predetermined goals are achieved. This incentive scheme is continuously being reviewed and produces the desired results.

POLITICAL PARTY SUPPORT

The board of directors has a policy according to which no political party is supported financially and no sponsorships are afforded to any political parties.

EKSTERNE OUDITEURE

Die eksterne ouditeure van die maatskappy is PricewaterhouseCoopers Geïnkorporeer en die audit word hanteer deur die Bloemfontein kantoor onder leiding van mnr. Louis Rossouw.

Die ouditeure woon die direksie- asook die Oudit- en Risikokomiteevergaderings as waarnemers by. Die eksterne ouditeure is onafhanklik van die maatskappy en word deur die aandeelhouders op die Algemene Jaarvergadering aangestel.

VOLHOUBAARHEID

Een van die kernfokusareas van die direksie is dat OVK op so 'n wyse bestuur word dat dit volhoubaar oor die langtermyn dienste aan sy aandeelhouders/landbouprodusente kan lewer. OVK lewer sy dienste hoofsaaklik in die platteland en dit is uiters belangrik vir die landbou-omgewing dat OVK voortgesette dienste op die platteland moet lewer.

Om besigheid op die platteland te doen, bied verskeie uitdagings ten opsigte van die werwing en behoud van personeel, dienslewering, om billike opbrengs op kapitaalinvestering te verkry en vele meer. OVK spandeer dan ook heelwat geld in die vorm van borgskappe aan instansies soos skole, hospices, ouetehuse, kinderhuse en ander sosiale instellings op die platteland.

OVK erken dat hy, as 'n belangrike rolspeler in die platteland, 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor die breër gemeenskap het.

AANVAARDE ROL VAN DIE DIREKSIE

- Die direksie bepaal die maatskappy se visie en missie en gee strategiese rigting aan die aktiwiteite.
- Die direksie sien toe dat 'n waardesisteem in stand gehou word.
- Die direksie evalueer en keur die jaarlikse begroting goed wat deur bestuur voorgelê word.
- Die direksie beheer en monitor bestuur op grond van die goedgekeurde begroting en besigheidsplan.
- Die direksie stel die besturende direkteur en hoofbestuur aan en sien toe dat opvolgbeplanning in ag geneem word.
- Die direksie keur die maatskappy se finansiële state goed en lê dit voor aan die aandeelhouders.
- Die direksie evalueer die lewensvatbaarheid van die maatskappy en beoordeel die lopendesaakbeginsel.
- Die direksie maak seker dat die maatskappy die nodige risikobestuursprosesse implementeer, dat interne beheermaatreëls in plek is en dat die interne ouditafdeling gemagtig word om sy funksie te verrig.
- Die direksie stel subkomitees aan wat betrokke is by van hierdie take.

Daar bestaan 'n geslote periode waartydens direkteure en personeel nie 'n aanbod mag maak vir die koop of verkoop van OVK aandele nie. Die tydperk strek vanaf 1 Maart jaarliks tot 'n week nadat die finansiële jaarstate aan die aandeelhouders versend is, asook gedurende tydperke waar buitengewone handeling (verkrygings, ens.) wat 'n effek op die aandeelprys kan hê, ter sprake is.

EXTERNAL AUDITORS

The external auditors of the company are PricewaterhouseCoopers Incorporated and the audit is conducted by the Bloemfontein Office under the supervision of mr Louis Rossouw.

The auditors attend the board meetings, as well as the Audit and Risk Committee meetings, as observers. The external auditors are independent of the company and are appointed by the shareholders at the Annual General Meeting.

SUSTAINABILITY

One of the core focus areas of the board is that OVK is managed with the purpose of providing sustainable services to its shareholders/agricultural producers over the long term. OVK provides its services mainly in rural areas and it is extremely important for the agricultural environment that OVK continues to provide services in rural areas.

Doing business in rural areas presents various challenges in terms of recruitment and retention of staff, service delivery, achieving fair returns on capital investment and many more. OVK also spends a lot of money in the form of sponsorships to institutions like schools, hospices, retirement homes, children's homes and other social establishments in rural areas. OVK acknowledges its important role and social responsibility towards the broader community in rural areas.

ACCEPTED ROLE OF THE BOARD

- The board determines the company's vision and mission and gives strategic guidance to activities.
- The board ensures that a value system is maintained.
- The board evaluates and approves the annual budget submitted by management.
- The board manages and monitors management according to the approved budget and business plan.
- The board appoints the managing director and executive management and ensures that succession planning is taken into account.
- The board approves the company's financial statements and presents them to the shareholders.
- The board evaluates the viability of the company and assesses the going concern principle.
- The board ensures that the company implements the necessary risk management procedures, that internal control measures are in place and that the internal audit department is authorised to perform its function.
- The board appoints subcommittees which are involved with some of these tasks.

There is a closed period during which directors and staff are not allowed to make an offer to purchase or sell OVK shares. The period extends annually from 1 March to a week after the annual financial statements have been dispatched to the shareholders, as well as during periods of extraordinary proceedings (acquisitions, etc.) that may affect the share prices.



Finansiële Oorsig Financial Overview


1 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE • STATEMENT OF COMPREHENSIVE INCOME

1.1 Omvang van besigheid gedoen

Die omvang van besigheid gedoen het gestyg met 0.86% vanaf R13.8 miljard na R13.9 miljard.

1.1 Scope of business done

The scope of business conducted increased by 0.86% from R13.8 billion to R13.9 billion.




Finansiële Oorsig

1.2 Wins voor belasting

Die Groepswins voor belasting styg met 21.42% van R275.2 miljoen na R334.1 miljoen. Die wins is behaal na lojaliteitskema uitkering van R47,3 miljoen.

1.2 Profit before tax

The profit of the Group before tax increased by 21.42% from R275.2 million to R334.1 million. The profit for the year was realised after loyalty scheme distribution of R47.3 million.




1.3 Wesensverdienste per aandeel (Gewone en Klas B)

Die groep se wesensverdienste per aandeel, voor rente aan aandeelhouers, styg met 8.00% van 361.1 sent tot 390.0 sent.

1.3 Headline earnings per share (Ordinary and Class B)

The headline earnings per share of the group, before interest to shareholders, increased by 8.00% from 361.1 cents to 390.0 cents.



omvattende dienste vir die toegewyde boer | diversified services for the dedicated farmer

Financial Overview


2 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE • STATEMENT OF FINANCIAL POSITION

2.1 Totale ekwiteit

Die totale ekwiteit, ingesluit tesourie aandele, van die Groep het gestyg tot R1 904 miljoen teenoor R1 744 miljoen die vorige jaar.

2.1 Total equity

The total equity of the Group, including treasury shares, increased to R1 904 million compared to R1 744 million the previous year.




2.2 Totale aandeelhouersbelang (ingesluit tesourie-aandele)

Die aandeelhouersbelang van die groep as persentasie van totale bates styg vanaf 33.4% na 38.1%.

2.2 Total shareholders' interest (including treasury shares)

The members' interest of the group as percentage of total assets increased from 33.4% to 38.1%.




Finansiële Oorsig

2.3 Opbrengs op aandeelhoudersbelang

'n Opbrengs van 19.7% (22.5% voor lojaliteitskema uitkering) is op aandeelhoudersbelang van die groep behaal teenoor 17.9% (20.8% voor lojaliteitskema uitkering) in die vorige jaar.

2.3 Return on shareholders' interest

A return of 19.7% (22.5% before loyalty scheme distribution) on shareholders' interest of the group was achieved, compared to 17.9% (20.8% before loyalty scheme distribution) of the previous year.




2.4 Netto batewaarde per aandeel (ingesluit tesourie aandele)

Die netto batewaarde per aandeel van die groep styg vanaf 3168.3 sent per aandeel na 3476.2 sent per aandeel. Aandele verhandel tans teen 2425 sent per aandeel wat 'n wesenlike diskonto op die netto batewaarde bied.

2.4 Net asset value per share (including treasury shares)

The net asset value per share increased from 3168.3 cents per share to 3476.2 cents per share. At present shares trade at 2425 cents per share, therefore a substantial discount on the net asset value.



omvattende dienste vir die toegewyde boer | diversified services for the dedicated farmer

Financial Overview

2.5 ANDER FINANSIËLE VERHOUDINGS / OTHER FINANCIAL RATIOS

VERHOUDING	2024	2023	RATIO
Bedryfskapitaal	136.3	127.9	Operating capital
Vuurproefverhouding	98.2	90.2	Acid ratio
Opbrengs op bates	4.3	3.8	Return on assets
Solvabiliteit	1.6	1.5	Solvency
Volhoubare groeiakoers	8.8	9.0	Sustainable growth
Bedryfswins tot bates	11.1	8.3	Operating profit to assets
Dividenddekking	4.0	4.0	Dividend cover
Prys / verdienste	6.1	6.0	Price / earnings
Rentedekking	2.5	2.7	Interest cover

3 STAAT VAN TOEGEVOEGDE WAARDE • VALUE ADDED STATEMENT

VERDELING VAN WELVAART	MIL (R)	(%)	DISTRIBUTION OF WEALTH
Vergoeding aan personeel	527	47.1	Remuneration to personnel
Voorsieners van kapitaal	219	19.5	Providers of capital
Belasting	120	10.7	Taxation
Behou vir investering	151	13.5	Retained for investment
Aandeelhouers (2023 dividend)	55	4.9	Shareholders (2023 dividend)
Lojaliteitskema	48	4.2	Loyalty scheme
	1 120	100,0	

4 AANDEELVERHANDELINGS • SHARE TRADING

Die gemiddelde aandeelverhandelingsprys van OVK Bedryf Bpk het met 205 sent gestyg teenoor die vorige jaar na 2154 sent per aandeel, wat 'n verhoging van 10.52% behels. Die hoogste verhandeling in OVK Bedryf het plaasgevind teen 2280 sent per aandeel.

Die gemiddelde aandeelverhandelingsprys van OVK Beherend Bpk het met 165 sent gestyg teenoor die vorige jaar na 1847 sent per aandeel, wat 'n styging van 9.81% behels. Die hoogste verhandeling in OVK Beherend het plaasgevind teen 1950 sent per aandeel.

1 719 903 aandeel in OVK Beherend en 1 728 829 aandeel in OVK Bedryf, het verhandel die afgelope finansiële jaar.

The average share trading price of OVK Operations Ltd increased by 205 cents from the previous year to 2154 cents per share, which represents an increase of 10.52%. The highest trading price in OVK Operations was 2280 cents per share.

The average share trading price of OVK Holdings Ltd increased by 165 cents from the previous year to 1847 cents per share, which represents an increase of 9.81%. The highest trading price in OVK Holdings was 1950 cents per share.



1 719 903 shares in OVK Holdings and 1 728 829 shares in OVK Operations were traded during the past financial year.






BEDIENINGS SERVICE

GEBIED AREA



OVK Bedryfspunte /
Operating Units



OVK Verteenwoordiging
OVK Representation



OVK Groep - Ondersteuning
OVK Group - Support



Nuwe OVK Handelstak
New OVK Trade branch



Provinsies
Provinces



Bedryfsvoorsig Operations Overview

ALGEMENE HANDEL

OVK Handel se diversiteit en wyd verspreide geografiese ligging dra, ten spyte van 'n uitdagende en moeilike landboujaar, steeds by tot OVK se winsgewendheid in moeilike ekonomiese omstandighede.

Die afgelope jaar het die winsgewendheid van die afdeling gedaal met 9,77% ten spyte van 'n verhoging in omset van 1,83%. Aangesien kunsmispryse wesenlik gedaal het en 'n groot komponent binne OVK se handelsbesigheid is, is die styging in omset verblydend. Die effek van lae veepryse op ons handelsafdeling het nie ongesiens verbygegaan nie.

Ons handelsafdeling bestaan vir die onthalwe van die kliënte en word gebou rondom ons verhouding met die kliënte. Dié verhouding word gevestig en gehandhaaf deur ons vermoë om aan die kliënte se behoeftes te voldoen en oplossings te vind. Sterk mededinging het voorgekom by die takke en daar moet op hoë volumes teen lae marges gewerk word om die bestaande besigheid te behou en uit te brei.

Gedurende die afgelope jaar het OVK nuwe Handelstakke geopen te Hoopstad, Bloemfontein, Humansdorp en ook depots te Oos-Londen en Douglas gevestig om OVK se voetspoor verder te vergroot. Die strategie om nuwe areas te betree deur die aanstel van bemarkers het goeie momentum gekry en kon OVK se voetspoor baie vergroot word deur nuwe kliënte wat krediet opgeneem en bygedra het tot die resultate. Somerset-Oos handel het 'n nuwe perseel bekom om die nodige volume voorraad aan te hou. Hierdie verandering is verwelkom deur die gemeenskap en werp reeds vrugte af.

Die besproeiingsafdeling in Hopetown is in volle swang met 'n uitgebreide reeks produkte en dienste.

GENERAL TRADE

Despite a challenging and difficult agricultural year, OVK Trade's diversity and widely dispersed geographical area still contribute to OVK's profitability in difficult economic circumstances.

Over the past year, the division's profitability has declined by 9,77% despite an increase in revenue of 1,83%. Since fertilizer prices have decreased substantially and are a major component within OVK's trading business, the increase in revenue is gratifying. The effect of low livestock prices on our trading department has not remained unnoticed.

Our trading department exists for the sake of the clients and is built around our relationship with the clients. This relationship is established and maintained as a result of meeting the clients' needs and finding solutions. Branches experienced strong competition and high volumes at low margins need to be aimed for to retain and expand the existing business.

During the past year, OVK opened new trading branches in Hoopstad, Bloemfontein, Humansdorp and also established depots in East London and Douglas to further increase OVK's footprint. The strategy of entering new areas by recruiting marketers gained good momentum and greatly increased OVK's footprint due to new clients who took up credit and contributed to the results. Somerset East trading branch acquired new premises to carry the necessary stock volume. This change has been welcomed by the community and is already bearing fruit.

The irrigation department in Hopetown is in full swing with an extensive range of products and services. This contributes to the success of the trading department in this area. Services and products are also further

Dit dra by tot die sukses van die handelsafdeling in hierdie area. Dienste en produkte word ook verder uitgebrei na ander takke en begin direkte verkope van besproeiingstoerusting groei en skep dit vertroue by kliënte.

Ons personeel en ons kliënte bly ons belangrikste bates en daar sal deurlopend gepoog word om die beste talent te ontwikkel, 'n omgewing te skep waarbinne personeel kan presteer en aan ons kliënte 'n wêreldklasdiens met waardetoevoeging te lewer. Die fokus op opleiding en die ontwikkeling van 'n nuwe formele opleidingsplan binne Handel gaan 'n positiewe verandering teweegbring.

Beurtkrag is nou deel van ons bestaan en word sonkrag verder uitgerol ten einde al meer van OVK se takke minder afhanklik van Eskom te maak.

Kliënte tevredenheid bly ons fokus en word probleme en leemtes daadwerklik aangespreek en oplossings gevind. Eweneens is strategiese vennootskappe met geselekteerde verskaffers onlosmaaklik deel van OVK se sukses, en dit sal met die nodige omsigtigheid tot wedersydse voordeel vir die toekoms bestuur word om ons leuse van "Saam bereik ons meer" uit te leef.

BRANDSTOFVERSPREIDING

Brandstofverspreiding is een van ons strategiese fokusareas vir dienslewering aan ons produsente om te kan produseer en word daar deurlopend nuwe groeigeleenthede geïdentifiseer en ondersoek. Hierdie afdeling sal in samewerking met strategiese verskaffers verder uitgebou word.

Die grootste uitdaging is die beperkinge wat wetgewing op groeigeleenthede plaas en word dit verder gekompliseer deur die vertraging van die uitreik van handelslisensies. Alle moontlikhede word steeds

extended to other branches and direct sales of irrigation equipment are beginning to increase, creating trust with customers.

Our staff and our clients remain our most important assets and continuous efforts will be made in developing the best talent, creating an environment in which staff can excel and providing our clients with a world-class service with value addition. The focus on training and the development of a new formal training plan within the Trade division will achieve a positive outcome.

Load shedding is now part of our existence and the introduction of solar power is expanded to make more of OVK's branches less dependent on Eskom.

Client satisfaction remains our focus – problems and shortcomings are actively addressed and solutions found. Equally, strategic partnerships with selected suppliers are inextricably linked to OVK's success, and it will be managed with due diligence for mutual future benefit to realise our motto of "Together we achieve more".

FUEL DISTRIBUTION

Fuel distribution is one of our strategic focus areas for service delivery to enable our producers to produce and new growth opportunities are continuously identified and investigated. This division will be expanded even further in collaboration with strategic suppliers.

The biggest challenge is the restrictions that legislation places on growth opportunities and processes are also complicated by the delay in issuing trade licences. All possibilities are still being explored to meet the challenges and facilitate the process.

The poor condition of our roads poses continued challenges to the delivery of smaller orders over great

omvattende dienste vir die toegewyde boer | diversified services for the dedicated farmer

Operations Overview

ondersoek om die uitdagings die hoof te bied en die proses te vergemaklik.

Die swak toestand van ons paaie veroorsaak steeds groeiende uitdagings vir die lewering van kleiner bestellings oor ver afstande en dra by tot verhoogde onderhoudskoste op OVK se verspreidingsvloot.

Substandaard produkte steek meer gereeld kop uit in hierdie industrie en word brandstofmonsters deurlopend geneem, weggestuur en getoets om kwaliteit te bevestig.

Deur kapasiteitsbenutting effektief te bestuur kon OVK se brandstofafdeling daarin slaag om nog steeds 'n wesenlike bydrae tot die wins van OVK te maak en OVK se marktaandeel te beskerm.

Nieteenstaande al hierdie uitdagings wat ons van dag-tot-dag ervaar het die afdeling se winsgewendheid gestyg die afgelope jaar.

GRAANAFDELING

Die afdeling het 'n goeie jaar beleef, dit is veral weens 'n goeie someroes in die droëland saagebied met daaropvolgende uitvoere wat gerealiseer het by beide Oos-Londen en Durban hawens.

Graanontvangstes het verhoog met 8,6% teenoor die vorige jaar hoofsaaklik weens verhoogde opbrengs in die droëland saagebied en het die afdeling 'n baie mooi styging in winsgewendheid teenoor die vorige jaar ervaar.

Sojabone het besonder goed presteer met baie goeie opbrengste tesame met goeie kwaliteit. 'n Groot gedeelte van die Oos-Vrystaat sojaboon-oes, was uitgevoer deur die Oos-Londen hawe.

Koringopbrengste in die besproeiingsgebied was laer as die langtermyn gemiddelde, hoofsaaklik weens abnormale hoë temperatuur in die vroeë lente.

Voortgesette opgradering van OVK se graanfasiliteite is steeds in proses met fokus op verhoging van deurlugting sowel as inname kapasiteite.

VESEL: WOL EN BOKHAAR

OVK Vesel is gesetel in Gqeberha (Port Elizabeth) en bied verskeie dienste aan produsente en kopers van wol en bokhaar, te wete makelaarsdiens (die verkoop van vesel namens produsente teen 'n kommissie), skeerdiens, tegniese advies aan produsente, sowel as pakhuis fasiliteite.

Die 2024 finansiële jaar het goed weggespring met 'n hupstoot op die rug van die herstel na die bek-enklousee krisis in 2022. Die verbod op uitvoere na Sjina wat gegeld het vanaf April 2022 tot Augustus van daardie jaar, het 'n rimpel effek op verkope en uitvoer van wol gehad, wat oorgespoel het na 2023 en tot gevolg gehad het dat geweldig hoë volumes wol vanaf veral Februarie tot Mei 2023 uitgevoer is. Hierdie hoë volumes het 'n baie positiewe invloed gehad op inkomste vanuit verskepingdienste deur OVK gelewer.

Goeie uitvoersyfers is egter getemper deur 'n wolprys wat baie volatilititeit en sterk afwaartse druk ervaar het weens globale inflasionêre druk en die gepaardgaande tragtheid van instansies sowel as verbruikers om geld te spandeer, sowel as die gevolge van die Sjinese se uiters streng Covid maatreëls wat hul industrieë onder erge druk geplaas het. Die vordering wat die wolprys in 2022 begin toon het, is hierdeur uitgewis.

Die aanvanklike Cape Wools mark indikator vroeg in Maart 2023 toon 'n prys vir gesertifiseerde wol van R187,28 en ongesertifiseerde wol van R174,88, teen 'n wisselkoers van R18,25 vir een Amerikaanse Dollar. Deur die jaar het hierdie prys verswak om die jaar af te sluit teen einde Februarie 2024 op 'n vlak van R173,69 vir gesertifiseerde wol en R154,08 vir ongesertifiseerde wol onderskeidelik,

distances and contributes to increased maintenance costs of OVK's distribution fleet.

Substandard products often rear their heads in this industry and fuel samples are continuously taken, shipped away and tested to confirm quality.

By effectively managing capacity utilisation, OVK's fuel division still managed to make a substantial contribution to OVK's profits, protecting our market share.

Notwithstanding all these challenges we face on a daily basis, the division's profitability has increased over the past year.

GRAIN DIVISION

The division experienced an excellent year, mainly due to a good summer harvest in the dryland sowing area with subsequent exports realising at both the East London and Durban ports.

Grain intake increased by 8,6% compared to the previous year, mainly due to increased yields in the dryland sowing area. The division experienced a substantial increase in profitability since the previous year.

Soybeans performed exceptionally well with very good yields as well as good quality. A large portion of the Eastern Free State soybean harvest was exported through the East London harbour.

Wheat yields in the irrigation area were lower than the long-term average, mainly due to abnormally high temperatures in early spring.

Continued upgrading of OVK's grain facilities is still in process with a focus on increasing aeration as well as intake capacity.



FIBRE: WOOL AND MOHAIR

OVK Fibre is based in Gqeberha (Port Elizabeth) and offers various services to producers and buyers of wool and mohair, namely a brokerage service (selling fibre on behalf of producers at a commission), shearing services, technical advice to producers, as well as warehouse facilities.

The 2024 financial year started well on the back of the recovery following the foot-and-mouth disease in 2022. The ban on exports to China that applied from April 2022 to August of that year had a ripple effect on sales and exports of wool, which spilled over into 2023 and resulted in extremely high volumes of wool being exported from February to May 2023 in particular. These high volumes have had a very positive impact on revenue from shipping services provided by OVK.

However, good export figures were tempered by a wool price that experienced a lot of volatility and strong downward pressure due to global inflationary pressures and the resulting tardiness of institutions as well as consumers to spend money, as well as the consequences of China's extremely stringent Covid measures that have put their industries under severe pressure. This has erased the progress that the wool price began to show in 2022.

The initial Cape Wools market indicator in early March 2023 reflects a price for certified wool of R187,28 and uncertified wool of R174,88, at an exchange rate of

teen 'n wisselkoers van R19,19 vir 'n Amerikaanse Dollar. Dit verteenwoordig 'n daling van 7,3% en 11,9% onderskeidelik vir gesertifiseerde en ongesertifiseerde wol gedurende die 2024 finansiële jaar.

Wol as 'n kommoditeit word uiteraard beïnvloed deur markfaktore en in Suid-Afrika natuurlik ook deur addisionele faktore soos bv. veediefstal. Ons het dus nasionaal 'n daling gesien in die totale wolproduksie syfer soos gerapporteer deur Cape Wools. Die 2023 seisoen sluit af (Junie 2023) met 'n daling van ongeveer 1,5% in volume teenoor die vorige jaar, terwyl die huidige seisoen-tot-datum (einde April 2024) 'n daling van ongeveer 3,3% teenoor die vorige jaar aandui.

Ten spyte van swak markomstandighede sowel as die algemene daling in wolproduksie, het OVK wolafdeling 'n relatief goeie jaar beleef, hoofsaaklik te danke aan streng kontrole en beheer oor uitgawes en 'n fokus op goeie dienslewering. 'n Goeie basis is daargestel vir goeie vooruitsigte in die nuwe jaar.

OVK se bokhaarafdeling het ook 'n moeiliker jaar beleef as die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar, grotendeels as gevolg van dieselfde faktore, te wete 'n mark indikator wat met 5,6% gedaal het deur die loop van die jaar en dit teen die agtergrond van 'n verswakende Rand. Winsgewendheid is dus erg onder druk geplaas. Groei in volume in hierdie afdeling bly egter konstant en is die jaar-op-jaar groei in volume ongeveer 12%.

Melding kan gemaak word van groot kapitale, sowel as onderhoudsprojekte wat in die 2024 finansiële jaar aangepak is, te wete die vervanging van die stoor sagteware sisteem sowel as onderhoudswerk aan die dak van die wolstoor in Gqeberha. Hierdie projekte het groot eise gestel aan die veselspan maar was noodsaaklik ten einde te verseker dat tegnologie op datum bly en natuurlik dat die geboue as bate in stand gehou word.

OVK Vesel wil dan ook elke produsent die versekering gee dat ons toegewy daaraan is om aan u produk waarde toe te voeg en so winsgewend moontlik te bemark

KLIËNTEFINANSIERING

OVK Kliëntefinansiering het weereens 'n baie goeie jaar beleef. Die Landbouwerwante debiteureboek is 2,3% laer as die vorige jaar, wat gekenmerk was deur uitermatige hoë insetkoste, maar steeds 23,4% hoër as op jaareinde 2022.

Totale agterstallige skuld as persentasie van die Landbouwerwante debiteureboek beloop op jaareinde 6,4%. Alhoewel dit effens hoër is as die vorige jaar, is risiko minimaal as gevolg van die beproefde kredietbeleid en 'n span goeie personeel wat 'n uitstekende balans handhaaf tussen die groei van die boek en die bestuur van risiko.

'n Nuwe kantoor is gedurende die jaar in Humansdorp geopen. Ons is opgewonde oor die geleentheid in hierdie area en die toevoeging kan verdere diversifikasie bied in ons reeds goed gediversifiseerde debiteureboek.

Die sukses van die afdeling is geskoei op 'n paar mededingende voordele wat insluit:

- 'n goeie begrip van produsente se besigheid;
- 'n beproefde kredietbeleid;
- Kredietkantore regoor OVK se bedieningsgebied, met kredietbestuurders wat oor mandate beskik om vinnig besluite te neem;
- 'n wye reeks finansieringsprodukte;
- geen fooie (aanvangs-, hernuwing-, fasiliteit-, of onbenutte fooie);

R18,25 for one US Dollar. Throughout the year this price deteriorated to conclude the year ending February 2024 at a level of R173,69 for certified wool and R154,08 for uncertified wool respectively, at an exchange rate of R19,19 for a US Dollar. This represents a decrease of 7,3% and 11,9% respectively for certified and uncertified wool during the 2024 financial year.

Wool as a commodity is obviously influenced by market factors and in South Africa of course also by additional factors such as stock theft. We have therefore seen a decrease in the total national wool production figure as reported by Cape Wools. The 2023 season concludes (June 2023) with a decline of approximately 1,5% in volume over the previous year, while the current season-to-date (end of April 2024) indicates a decline of approximately 3,3% in comparison with the previous year.

Despite poor market conditions as well as the general decline in wool production, OVK's wool division experienced a relatively good year, mainly due to strict management and control over expenditure and a focus on good service delivery. A good base has been established for favourable prospects in the new year.

OVK's mohair division also had a more difficult year than the corresponding period of the previous year, largely due to the same factors, namely a market indicator that declined by 5,6% over the course of the year, against the backdrop of a weakening rand. Profitability was therefore under severe pressure. However, growth in volume in this division remains constant and year-on-year growth in volume is approximately 12%.

Mention can be made of large capital developments, as well as maintenance projects undertaken in the 2024 financial year, namely the replacement of the storage software system as well as maintenance work on the roof of the wool store in Gqeberha. These projects placed great demands on the fibre team but were essential to ensure that technology stayed up to date and, of course, that the buildings were maintained as an asset.

OVK Fibre would like to assure every producer that we are dedicated to adding value to your product and marketing it as profitably as possible.

CLIENT FINANCING

OVK Client Financing has once again experienced a very good year. The agricultural-related debtors' book is 2,3% lower than the previous year, which was characterised by excessively high input costs, but still 23,4% higher than at the 2022 year-end.

Total overdue debt as a percentage of the Agricultural-related debtors' book amounted to 6,4% at year-end. Although slightly higher than the previous year, risk is minimal due to the proven credit policy and a team of good staff who maintain an excellent balance between growing the book and managing risk.

A new office was opened in Humansdorp during the year. We are excited about the opportunity in this area and the addition could provide further diversification in our already well-diversified debtors' book.

The success of the division is based on a few competitive advantages which include:

- a good understanding of producers' business;
- a tried and tested credit policy;
- credit offices across OVK's service area, with credit managers having mandates to make quick decisions;
- a wide range of financing products;
- no fees (initial, renewal, facility or unutilised fees);

- uiters mededingende rentekoerse (tot so laag as prima minus 0,5%);
- elektroniese maandstate; en
- pinkodes vir rekeningaankope en daaglikse fakture vir kontroledoelindes.

OVK Kliëntefinansiering is 'n vennoot op wie landbouprodusente kan reken en ons wil u graag uitnooi om die afdeling nog meer deel van u besigheid en sukses te maak.

VERSEKERING

OVK Versekering

OVK Versekering het wat finansiële prestasie aanbetref, 'n moeilike jaar beleef. Die netto wins het met 20,4% gedaal teenoor die vorige jaar. Die bateversekeringsboek het egter gegroei teenoor die vorige jaar, maar die effek van laer kommoditeitspryse teenoor die vorige jaar het 'n groot effek op die oesversekeringsboek sowel as die afdeling se prestasie in geheel gehad.

Die jaar is gekenmerk deur goeie kontinuïteit onder personeel. Die industrie beleef 'n skaarste wat betref die beskikbaarheid van goeie kundige adviseurs. Die opleiding van jong talent is as 'n fokuspunt geïdentifiseer en bestaan die span tans uit 'n goeie kombinasie van ervaring en jong opkomende adviseurs wat deur die sisteem kom.



Met die vestiging van 'n "in-huis" administrasie span 2 jaar gelede, is onderskrywing en eisediens op 'n baie hoë standaard aangesien dit die grondslag vir sukses in 'n versekeringsbesigheid is. Goeie verhoudinge met versekeraars speel uiteraard ook 'n belangrike rol hierin en word hierdie verhoudinge gekoester.

OVK Finansiële Dienste

Die afgelope finansiële jaar was die eerste volle jaar wat die maatskappy besigheid bedryf het, met bo begrote finansiële resultate. Hierdie uitbreiding van dienste aan OVK se kliënte sluit in lewensversekering, ander tipes risikoversekering, langtermynbeleggings, boedelbeplanning, testamente en nog meer.

Die maatskappy word bedryf in vennootskap met Salvo Capital, 'n bekende en gerekende finansiële dienste groep. As 'n fokuspunt die afgelope jaar, is verskeie interne geleenthede benut. Adviesdienste wat voorheen deur ander finansiële diensteverskaffers aan OVK gelever is, is die afgelope jaar deur OVK Finansiële Dienste oorgeneem.

Die bekwame span geakkrediteerde adviseurs, is gerat om kliënte te adviseer wat betref hul korttermyn- en ook langtermyn versekeringsbehoefte. 'n Professionele diens word gelever deur die kliënt by te staan met 'n behoorlike risiko-ontleding. Kliënte se risiko's word dan aangespreek deur die aanbieder van die gepaste oplossing teen 'n mededingende koers. Kontak ons gerus vir die nodige advies en 'n kwotasie.

- highly competitive interest rates (as low as prime minus 0,5%);
- electronic monthly statements; and
- pin codes for account purchases and daily invoices for control purposes.

OVK Client Financing is a partner that agricultural producers can count on and we would like to invite you to make this division an even more important part of your business and success.

INSURANCE

OVK Insurance

OVK Insurance experienced a difficult year in terms of financial performance. Net profit decreased by 20,4% from the previous year. However, the asset insurance book increased compared to the previous year, but the effect of lower commodity prices in comparison with the previous year had a major effect on the crop insurance book as well as the division's performance as a whole.

The year was characterised by good continuity among staff. The industry is experiencing a scarcity in terms of the availability of expert advisors. The training of young talent has been identified as a focal point and the team currently consists of a good combination of experience and young emerging advisors passing through the system.

With the establishment of an "in-house" administration team two years ago, underwriting and claims service are at a very high standard, since they are the foundation for success in an insurance business. Good relationships with insurers obviously also play an important role in this industry and these relationships are nurtured.

OVK Financial Services

The past financial year was the first full year in which the company operated business, with financial results exceeding the budget. This expansion of services to OVK's clients includes life insurance, other types of risk insurance, long-term investments, estate planning, wills and more.

The company is operated in partnership with Salvo Capital, a well-known and reputable financial services group. As a focal point during the past year, several internal opportunities have been utilised. Advisory services previously provided to OVK by other financial services providers were transferred to OVK Financial Services over the past year.

The team of expert accredited advisors are geared to advise clients regarding their short-term and also long-term insurance needs. A professional service is provided by assisting the client with a proper risk analysis. Clients' risks are then addressed by offering the appropriate solution at a competitive rate. Kindly contact us for the necessary advice and a quote.

NYWERHEDE

Tweespruit Meule

Die Meule was winsgewend vir die jaar onder oorsig en het beter as begroting presteer. Na die swak prestasie van die vorige finansiële jaar was drastiese aksies geïmplementeer om koste te bespaar en ekstraksies te verbeter. Die resultaat was positief en tesame met beter dissipline, word kritiese doelwitte deurlopend bestuur. Die Meule skep 'n goeie afset vir ons produsente uit die Wes-Vrystaat, wat hoofsaaklik witmielies produseer.

Lusern en Alternatiewe produkte

Die afdeling het beter presteer as die begroting. Die volume lusern hanteer was laer as begroting en kan toegeskryf word aan die insinking in lusern uitvoere. Nadat lusernpryse egter drasties gedaal het, het die plaaslike mark weer heelwat voorraad opgeneem.

Alternatiewe produkte wat insluit mieliekiem, sout, hawer en voergars het baie goeie groei getoon oor die afgelope jaar en toon steeds belowende groeiopotensiaal.



LEWENDEHAWE

Die lewendehawe bedryf gaan deur 'n baie moeilike tyd en finansiële druk op verbruikers gee aanleiding tot lae produkpryse vir produsente. Dit tesame met sporadiese bek-en-klouseer uitbrekings, hou die bedryf onder geweldige druk, met ook verhoogde debiteur risiko.

Die afdeling het die jaar in 'n verlies afgesluit en is die fokus om die afdeling volhoubaar winsgewend te kry.

Hernude fokus word geplaas op effektiewe bemerking en die uitbreiding van bestaande uit-die-hand geleenthede om waarde toe te voeg tot die produsent se produk.

Die veilings wat aangebied was, was van hoogstaande gehalte en is heelwat nuwe veilings bekom vir die komende jaar.

MOTORAGENTSAPPE

Toyota motoragentskappe het die jaar goed begin en was op pad om 'n baie goeie jaar te beleef, totdat Toyota SA aan 'n meerderheid van die Toyota handelaarsnetwerk 'n oormaat van voorraad afgelewer het. Die impak op die verhoogde voorraadvlakke in die handelaarsnetwerk het 'n negatiewe impak op vraag en aanbod gehad, wat veroorsaak het dat die besigheid se marges onder geweldige druk geplaas is, sowel as 'n verhoging in uitgawes, veral ten opsigte van rentekostes.

INDUSTRIES

Tweespruit Mill

The Mill was profitable for the year under review and outperformed budget. Following the poor performance of the previous financial year, drastic actions were implemented to save costs and improve extractions. The result was positive and coupled with better discipline, critical goals are continuously being managed. The Mill creates a good outlet for our producers from the Western Free State, who mainly produce white maize.

Lucerne and Alternative products

The division outperformed the budget. The volume of lucerne handled was lower than budgeted for, which can be attributed to the slump in lucerne exports. However, after a drastic drop in lucerne prices, the local market again took up quite a bit of stock.

Alternative products including maize germ, salt, oats and feed barley have shown very good growth over the past year and continue to show promising growth potential.

LIVESTOCK

The livestock industry is experiencing a very difficult time and financial pressure on consumers is causing low product prices for producers. This, coupled with sporadic foot-and-mouth disease outbreaks, keeps the industry under immense pressure, also increasing debtors risk.

The division concluded the year in a loss and there is a focus upon transforming the division to be sustainably profitable.

Renewed focus is placed on effective marketing and expanding existing out-of-hand opportunities to add value to the producer's product.

The auctions presented, during the year were of exceptional quality and many new auctions were secured for the coming year.



MOTOR VEHICLE AGENCIES

Toyota motor vehicle agencies started the year off well and had a prospect of a very good year, until Toyota SA delivered an excess of inventory to a majority of the Toyota dealer network. The impact of the increased inventory levels in the dealer network had a negative effect on supply and demand, which caused immense pressure on the business' margins, as well as an increase in expenses, especially with regard to interest expense.

The Suzuki motor vehicle agency in Ladybrand opened at the beginning of the financial year and performed very well. Seventy-six (76) new units were sold during the first year. The strategy in the first year was to gain

Die Suzuki motoragentskap in Ladybrand is aan die begin van die finansiële jaar geopen en het baie goed presteer. Ses-en-sewentig (76) nuwe eenhede is in die eerste jaar verkoop. Die strategie in die eerste jaar was om marktaandeel te bekom, met lae marges en hoë volume om sodoende na-verkope te stimuleer. Die positiewe groei van Suzuki Ladybrand het bygedra tot verdere groei met die Suzuki handelsmerk en was daar besluit om ook 'n Suzuki motoragentskap in Ficksburg te open. Hierdie agentskap fokus op onderdele en dienste, om sodoende 'n wyer netwerk van dienslewering in die platteland te bewerkstellig.

Die motorafdeling se winsgewendheid het met 66,5% gedaal ten spyte van 25,1% meer besigheid gedoen.

MEGANISASIE

OVK se Meganisasie-afdeling het 'n baie moeilike jaar beleef weens die verandering in die makro-omgewing met volumes wat afgeneem het teenoor die vorige jaar en sluit die afdeling af met 'n onaanvaarbare groot verlies. Hoë voorraadvlakke en die verhoging in die rentekoers het hierdie afdeling se winsgewendheid drasties benadeel.

Met die volumes wat afgeneem het, het OVK Meganisasie steeds strukture in plek gesit om die hoeveelheid nuwe en hoë spesifikasie trekkers en implemente, te rugsteun wat in lyn is met veranderende omstandighede, om 'n meer effektiewe en sterker ondersteuningsbasis aan kliënte te bied. OVK is 'n verspreider van Massey Ferguson en die wêreldbekende Fendt reeks, waarop ons baie trots is.

Daar is ook gefokus op groeigeleenthede en daarom is ons trots dat OVK Meganisasie ook die JCB agentskap bekom het in die Oos-Vrystaat en Noord-Kaap areas, wat bedryf sal word uit die bestaande Bethlehem, Clocolan en Hopetown Meganisasie bedryfspunte.

market share, with low margins and high volumes, thus stimulating after-sales. The positive growth of Suzuki Ladybrand contributed to further growth with the Suzuki brand and it was decided to also open a Suzuki motor vehicle agency in Ficksburg. This agency focuses on parts and services, thus enabling a wider network of service delivery in the countryside.

The motor vehicle division's profitability decreased by 66,5% in spite of an increase of 25,1% in business done during the year.

MECHANISATION

OVK's Mechanisation division experienced a very difficult year due to the change in the macro environment with volumes decreasing compared to the previous year and the division closed off with an unacceptably large deficit. High inventory levels and the increase in the interest rate caused enormous damage to this division's profitability.

With volumes decreasing, OVK Mechanisation has continued to put structures in place to back up the number of new and high specification tractors and implements in line with changing conditions, to provide a more effective and stronger support base to customers. OVK is a distributor of Massey Ferguson and the world-famous Fendt series, of which we are very proud.

The focus was also on growth opportunities and therefore we are proud that OVK Mechanisation has also acquired the JCB agency in the Eastern Free State and Northern Cape areas, which will be operated from the existing Bethlehem, Clocolan and Hopetown Mechanisation operating points.

Mechanisation workshops' mechanic capacity has been increased in order to provide a better service to customers and high priority is given to training. OVK Mechanisation has opened a spare parts branch in



Meganisasie werkwinkels se werktuigkundige kapasiteit is verhoog ten einde beter diens aan kliënte te lewer en word hoë prioriteit aan opleiding gegee. OVK Meganisasie het 'n onderdeel tak te Bloemfontein geopen om ook ons kliënte daar vinniger en teen meer kompeterende pryse te diens.

Bloemfontein to service our customers in that area quicker and at more competitive prices.

LOGISTICS

Transport volume was scaled down somewhat to stabilise the business with adequate controls after the fraud matter during the previous year.

LOGISTIEKE AFDELING

Volume vervoer was redelik afgeskaal om die besigheid te stabiliseer met voldoende kontroles na die bedrog aangeleentheid gedurende die vorige jaar.

Alhoewel die volume redelik af was het die afdeling beter as begroting presteer en 'n goeie wins behaal.

Die afdeling bied egter steeds baie waarde as 'n "in-huis" oplossing vir meuldeur gelewerde graanbesigheid, maar ook vir produsente wat insette soos kalk of kunsmis wil vervoer of selfs net om graan tydens seisoentyd na silo's te vervoer.

OLIVIA ENERGY SOLUTIONS



Hierdie filiaal in die OVK Groep het effens swakker presteer as die begroting en na aanvanklike uitstekende omvang van besigheid aan die begin van die jaar het solarbesigheid afgeplat en ongelooflik kompetender geword.

Finansiële druk op besighede en individue het die vraag na solar installasies drasties verlaag. Die verhoogde rentekoerse tesame met die afname in aanvraag het tot 'n ooraanbod van sonstelsels gelei. Weens die ooraanbod na die man op straat, het dit geweldige druk op pryse tot gevolg gehad wat baie druk op marges geplaas het.

Die Olivia handelsnaam word sterk bemark in die OVK takke en bied tesame met finansieringsopsies 'n goeie geleentheid vir OVK lede om die impak van beurtkrag te verminder.

OOS VRYSTAAT KUNSMIS

Hierdie vennootskap waarin OVK 'n strategiese aandeelhouing besit, het daarin geslaag om die jaar weer met 'n baie goeie netto wins af te sluit en was die jaar gekenmerk deur laer kunsmispryse en tekorte by verskeie geleenthede op grondstowwe as gevolg van swak bestuur by Suid-Afrika se hawens. OV Kunsmis was in die gelukkige posisie dat ons nooit sonder grondstof gaan staan het nie.

Verskeie opgraderings en veranderinge is aan die aanleg gedoen om 'n meer effektiewe en belynde produksie-aanleg te bied. Pro-aktiewe onderhoud het ook staantyd tot 'n minimum beperk wat meegebring het dat bottelnekke verhoed kon word. Groeigeleenthede is geïdentifiseer en derhalwe kon OV Kunsmis verskeie nuwe kliënte werf en sy markaandeel uitbrei.

'n Rekord aantal tonne is die jaar geproduseer en is die bemarkingspan ook drasties uitgebrei om 'n groter geografiese area te kan bedien en is verskeie nie-aandeelhouders as kliënte gewerf.

Hierdie filiaal se pasmaak kunsmismengsels, uitstekende produk kwaliteit en besigheidsmodel lewer in sinergie met OVK, toenemend 'n bydrae tot standvastige ondersteuning en uitbreiding van die besigheid vir OVK se aandeelhouders en kliënte.

Although the volume was reduced, the division outperformed budget and made a good profit.

The division still offers great value as an in-house solution for milldoor-delivered grain business, but also for producers who want to transport inputs such as lime or fertiliser or even just to transport grain to silos during seasonal times.

OLIVIA ENERGY SOLUTIONS

This subsidiary in the OVK Group performed slightly lower than the budget and after an initial excellent scope of business at the beginning of the year, solar business has slowed down and became incredibly competitive.

Financial pressure on businesses and individuals has drastically reduced the demand for solar installations. The increased interest rates coupled with the decline in demand have led to an oversupply of solar systems. Due to the oversupply to the man on the street, this resulted in tremendous pressure on prices which in turn exerted a negative influence on margins.

The Olivia brand is actively marketed in OVK branches and, together with financing options, provides a good opportunity for OVK members to minimise the impact of load shedding.

OOS VRYSTAAT KUNSMIS

This partnership, in which OVK owns a strategic shareholding, managed once more to conclude the year with a very good net profit. The period was characterised by lower fertilizer prices and occasional shortages of raw materials due to poor management at South Africa's ports. OV Kunsmis was in the fortunate position that production never came to a halt due to a lack of raw material.

Several upgrades and changes have been made to the plant to provide a more effective and well-aligned production plant. Proactive maintenance also kept standing time to a minimum, which meant that bottlenecks could be prevented. Growth opportunities were identified and therefore OV Kunsmis was able to attract several new customers and expand its market share.

A record number of tons has been produced this year and the marketing team has been drastically expanded to be able to serve a larger geographical area. Several non-shareholders were also attracted as clients.

This subsidiary's tailor-made fertiliser blends, excellent product quality and superb business model are, in synergy with OVK, increasingly contributing to steadfast support and expansion of the business for OVK's shareholders and customers.

omvattende dienste vir die toegewyde boer | diversified services for the dedicated farmer

Operations Overview



Ondersteuningsdienste Support Services

GELYKE INDIENSNEMING EN SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Ons Raad het 'n beginselbesluit geneem dat OVK as maatskappy Swart Ekonomiese Bemagtiging ondersteun daar waar dit werklik 'n bydrae kan maak tot die opheffing van voorheen benadeelde gemeenskappe, en dit balanseer teen wat ons alreeds spandeer aan sodanige gemeenskappe en individue.

Daar is besluit dat daar geen diensverskaffer oorweeg sal word waar daar vir betaling van gewoonlik astronomiese groot bedrae, modelle deurgevoer word wat nie werklik

EMPLOYMENT EQUITY AND BLACK ECONOMIC EMPOWERMENT

Our Board has taken a principled decision that OVK as a company supports Black Economic Empowerment where it can truly contribute towards the upliftment of previously disadvantaged communities, while balancing this against our current spending on such communities and individuals.


It was decided that no service provider would be considered where, for payment of astronomically large sums, models are passed that do not truly make a difference in our rural environment with respect to our previously disadvantaged communities.

Nevertheless, the BEE division is constantly aiming for the best model and the right service provider that will be submitted to Management and ultimately also to our Board, for their consideration if the BEE division is satisfied that this Board decision can be executed.

